## Die doop. Die drie-eenheid in Elohim en die mens

**110** Cyrenius vra: "Meester, ek glo alles wat U, o Meester, onderrig; beteken dit dan dat ek gedoop is?"

[2] Ek sê: "Nee, jy is weliswaar nog nie gedoop nie, maar dit is nie waaroor dit nou hier gaan nie! Want wie glo soos jy, beste vriend, is in die gees so goed as gedoop en wel met alle seëninge van die doop.

[3] Die Judeërs het wel die besnydenis, wat `n voorloper is van die doop en wat op sigself en vir My geen enkele waarde het as die besnedene nie ook terselfdertyd `n besnede hart het nie. Ek bedoel met `n besnede hart `n gereinigde en met alle liefde vervulde hart, wat meer werd is as alle besnydenisse vanaf Moses tot en met nou. Na die besnydenis het die waterdoop van Johannes `n tyd lank gekom, wat deur sy leerlinge (dissipels) voortgesit was. Hierdie doop beteken op sigself egter ook niks as die verlangde boetedoening dit nie reeds voorafgaan het nie, of tog heel seker daarop sal volg nie.

[4] Wie hulle dus met water laat doop met die ernstige voorneme om hulle te verbeter, begaan daarmee geen fout nie; hulle moet net nie glo dat die water hulle hart sal reinig en hulle siel sal versterk nie. **Dít gebeur slegs deur die eie, algeheel vrye wil;** die water bewerkstellig **net `n teken** wat aandui dat die wil, wat die lewende water is van die gees, nou die siel op gelyke wyse van die sonde gereinig het soos wat die natuurlike water die kop en die res van die liggaam van stof en andersoortige onreinhede reinig.

[5] Wie die waterdoop daadwerklik ondergaan het, is volkome gedoop, **as die wil tydens of reeds vóór die doophandeling in die hart van die dopeling sy werk gedoen het.** As dit nie die geval is nie, dan het die waterdoop in sigself ook nie die minste waarde nie, en bewerkstellig geen seën van die materie, en nog minder die een of ander wyding daarvan nie.

[6] So ook het die waterdoop by onmondige kinders heeltemal geen waarde nie, behalwe net die van `n uiterlike teken van opname in `n goeie gemeente, en dat die kind die een of ander naam kry wat vir die lewe van die siel duidelik nie die geringste waarde het nie, behalwe slegs `n uiterlike, staatkundige waarde. Daarom sou `n mens die kind ook sonder die besnydenis en sonder die waterdoop van Johannes `n naam kon gee, en dit sou vir My heeltemal geen verskil maak nie; want nie die naam wy die siel van `n mens nie, **maar slegs die vrye, goeie wil om na beste wete sy lewe lank goed te handel.** Iedere naam kan deur die wil en die handel gewy word; maar omgekeerd is dit onmoontlik en nooit die geval nie.

[7] Toe Johannes gedoop het, het hulle na hom en ook na sy leerlinge kinders gebring om te doop, en hy het hulle dan ook gedoop as daar vir die kind gewetensvolle voogde instaan, wat plegtig beloof om vlytig alle sorg vir die geestelike opvoeding te dra. Nou, in hierdie geval kan `n kind ook wel vanweë die naam **in water** gedoop word; maar dié doop wy die siel en die liggaam van die kind nie langer as totdat die kind tot die ware kennis van Elohim en homself en tot die gebruik van die vrye wil gekom het nie. Tot dié tyd moet die voog uiters gewetensvol daarvoor sorg dat die kind in ruim mate voorsien word met alles wat ter verkryging van die ware wyding nodig is - omdat die siel van die voog andersins alle verantwoording op hom gelaai kry.

[8] Dit is daarom beter om die waterdoop eers dan te laat verrig wanneer `n mens self in staat is om alle voorwaardes tot wyding van sy siel en sy liggaam vanuit eie insig en uit vrywillige selfbeskikking te vervul. Trouens is die waterdoop vir die wyding van die siel en die liggaam glad nie nodig nie, **maar alleenlik die insig en die handeling volgens die korrekte kennis van die Waarheid uit Elohim**. As daar egter met water gedoop word, hoef dit nie spesifiek met Jordaanwater te gebeur vanweë die feit dat Johannes in die Jordaan gedoop het nie, maar dan is alle vars water goed daarvoor, fonteinwater egter tog beter as putwater omdat dit vir die liggaamlike gesondheid meer bevorderlik is as die minder skoon water uit die reënput.

[9] Die egte en vir My alleen-geldige doop, **is dié**

**1) met die vuur van die liefde tot My en die naaste, en**

**2) met die lewende, vurige wil, en**

**3) met die Gewyde Gees van die ewige Waarheid uit Elohim.** Hierdie drie punte is dit wat in die hemel vir elkeen `n geldige getuienis gee. Dit is:

a) die **liefde**, as die ware Vader;

b) die **wil**, as die lewende en daadwerklike Woord of die Seun van die Vader; en ten slotte

c) die **Heilige** (**Gewyde Gees)**, as die korrekte begrip van die ewige en **lewende waarheid uit Elohim**, maar dan lewend werksaam in die mens en alleenlik maar in die mens! Want wat nie in die mens is, en nie uit die algeheel eie wilsimpuls geskied nie, het vir die mens geen waarde nie, en omdat dit vir die mens geen waarde het en kan hê nie, daarom kan dit ook vir Elohim geen waarde hê nie.

[10] Want Elohim Self as sodanig beteken vir die mens só lank niks, totdat die mens Elohim deur die lering leer ken het, en deur die liefde Sy wil algeheel sy eie maak, en deur die lewendige, vurige wil al sy doen en late geheel en al skik volgens die wil van die Allerhoogste, wat hy nou ken. Eers daardeur word Elohim se ewebeeld lewend in die mens, en groei en deurdring weldra die hele wese van die mens. Onder dié omstandighede gebeur dit dan ook dat die mens na al die dieptes van die Godheid sal deurdring; want

die ewebeeld van Elohim in die mens is volkome gelyk aan die beeld van één en dieselfde Elohim van ewigheid.

[11] As dít by die mens plaasvind, is alles in hom gewyd/heilig en is die ware doop van die geestelike wedergeboorte bereik. Deur dié doop word die mens dan `n egte vriend van Elohim en is hy innerlik net so volmaak soos die hemelse Vader volmaak is. En Ek sê vir julle uitdruklik dat julle almal met al julle kragte daarna moet strewe om ewe volmaak te word soos wat die Vader in die hemel volmaak is! Wie nie so volmaak word nie, kom nie tot die Seun van die Vader nie. *(Lev. 11:44; Lev. 19:02; Lk. 06:36).*

[12] Wie is dan die Seun? Die Seun is die Liefde van die Vader. Hy is die Liefde der liefde, Hy is die Vuur en die Lig, Hy is die Seun van die Liefde of die Wysheid van die Vader. As die ewebeeld van die Vader dus in julle is, dan moet dit in alles net so volmaak word soos die ware Vader Self, omdat dit anders geen ewebeeld van die Vader sou wees nie; maar as dit as ewebeeld nie volmaak is nie, waar moet die mens dan die wysheid vandaan kry of hoe moet die mens dan tot ware Wysheid kom?

[13] Soos wat die Vader Homself altyd in My vind, so vind Ek Myself ook in die Vader, en so moet julle, julle in julleself vind, dan sal julle julleself daardeur ook in Elohim vind en Elohim sal Homself in julle vind. Soos wat Ek en die Vader één is, so moet julle ook eers in julleself één wees met die ewebeeld van die Vader in julle. As julle dít is, dan het julle ook met My en met die Ewige Vader één geword, omdat Ek en die Vader in My van ewigheid af volkome één is!"

[14] Toe sê die leerlinge: "Meester, dit verstaan ons nie! U lesse word moeilik! Ons vra U dringend of U Uself ook nou weer duideliker sou wou uitdruk!"

[l 5] Ek sê: "Verstaan ook julle dit dan nog steeds nie? Hoe lank sal Ek julle nog so moet verdra?! O, hoe gebrekkig is julle wese nog! Maar aan julle sal dit gegee word om die geheim van die Ryk van Elohim op aarde te verstaan!

[16] Waar is dan die gedagtes van julle hart?! Meermale het Ek al dit aan julle verduidelik wie die Vader en wie die Seun is, dat Vader en Seun hulle in net so verhouding bevind as wat Liefde en Wysheid is, of soos warmte en lig. Ek het julle laat sien dat die lig sonder die warmte geen nut sou hê nie, maar ook dat warmte sonder lig geen are op die velde sou laat rypword nie. Ek het julle laat sien hoe uit warmte altyd lig ontstaan, omdat warmte die eerste teken van `n bepaalde aksie is; maar die verskyningsvorm van aksie is die lig, wat toeneem namate `n bepaalde, geordende aksie toeneem, en tog begryp julle nie die 'één-wees' van die Vader en die Seun en die 'één-wees' van julle met My nie!"

[17] Die leerlinge sê: "Meester, word daarom nie kwaad vir ons nie! Ons verstaan dit nou goed en wat uiteindelik nog daaraan mag kortkom, sal ons wel kan aanvul en volgens reg en billikheid probeer verkry!"

[18] Ek sê: "Ek weet goed dat dit sal gebeur; maar Ek sê dit aan julle omdat Ek merk dat dit vir julle meer gaan om vrae te stel as om kennis te bekom."